NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE : VERGADERING VAN LEDE VAN DIE MODERATUUR : 11 MEI 2004 TE STELLENBOSCH

1. TYD EN PLEK

1.1 Die vergadering vind om 10:00 te Unielaan 3, Uniedal, Stellenbosch plaas

1.2 Kennis geneem.

2. DOEL

2.1 Die doel van die vergadering is om sake wat deur die SK-Dagbestuur na die Moderatuur verwys is, te bespreek.

2.2 Kennis geneem.

3. OPENING

3.1 De voorsitter, ds Hansie Schutte, open die vergadering met gebed.

4. PRESENSIE

4.1 Teenwoordig

Ds EGJdeG Schutte - Voorsitter
Dr S du Toit (Aktuarius)
Ds DW Mouton (Skriba).

4.2 Verskoning

Dr ACV van Wyk (Onder-Voorsitter)

5. PRINSIPIËLE VERWYSINGSRAAM-WERK VIR DESKUNDIGE LEDE (SK-DAGBESTUUR 2004-04-15 PT 5.1.11)

5.1 Agtergrond

5.1.1 Uittreksel uit die notule van die SK-Dagbestuur Notule 2004-04-15 pt 5.1.11

5.1.11 Prinsipiële Verwysingsraamwerk vir Deskundige Lede (pt 5.1.13)

5.1.11.1 Besluit: Die saak staan oor. Die moderatuur sal die insette verwerk om 'n geordende verwysingsraamwerk vir die deskundige lede te formuleer (vergelyk SK-Dagbestuur 2003.11.13 pt 6.2)

5.1.2 Bylaag A (Prinsipiële Verwysingsraamwerk vir Deskundige Lede dd 29 November 2003) dien voor die vergadering. Kennis word daarvan geneem.

5.2 Aanbeveling

5.2.1 Deskundige lede en Sinodale Funksies

5.2.1.1 Die Deskundige Lede funksioneer ten opsigte van hul onderskeie diensterreine in terme van die sinodale funksies van visionering, navorsing, begeleiding en bestuur.

5.2.1.2 **Visionering**: Die Deskundige Lede adviseer die Sinodale Kommissie rondom die visie vir hulle betrokke diensterrein. Die SK formuleer prioriteite vir die uitvoering van die Deskundige Lede se visie.

5.2.1.3 **Navorsing**: Die Deskundige Lede doen (indien nodig saam met die Netwerk vir Navorsing) leidinggewende navorsing ten opsigte van hul spesialiteitsterreine.
Die prosedure waarop die navorsingslede aangewys word, is 'n oop proses waaraan enige een kan deelneem.
Die uiteindelike resultaat word deur die Sinodale Kommissie na gemeentes gestuur.
Kerkrade hanteer die navorsingsresultate en besluit oor die moontlike implementering daarvan.

5.2.1.4 **Begeleiding**: Kerkrade pak projekte (indien verlang met behulp van B-Net en of in samewerking met die betrokke Ring) aan.
B-Net benut, indien verlang, die betrokke Deskundige Lid in die begeleidingsproses.

5. Bestuur: Die bestuursfunksie van Deskundige Lede word in samewerking met die SK en die sinodale kantoor gereël.

5.2.2 Netwerkvorming

5.2.2.1 Een van die primêre wyses waarop die Deskundige Lede funksioneer, is deur netwerke op verskeie vlakke te vorm.

5.2.2.2 Vennote in die proses van netwerk-vorming sluit in: ander Deskundige Lede, B-Net, NN, kundige persone (uit ons sinodale gebied en ander sinodes, kerkverbande, staatsdepartmente e.s.m).

5.2.2.3 Dit is wesenlik belangrik dat 'n ekume-niese komponent en omvattende netwerkvorming tot sy reg kom in die wyse waarop die sinode deskundigheid hanteer.

5.2.3 Bestaande visie vir die bediening

5.2.3.1 Die SK oordeel dat die bestaande Prinsipiële Raamwerk vir Deskundige Lede, soos deur elkeen opgestel, huidig hul visie weerspieël en as verwysingsraamwerk vir die bediening van die Deskundige Lede dien.

Verwys na Bylaag Q in die dokumente van die SK 2004-05-13.

6. VORM A (SK-DAGBESTUUR 2004-04-15 PT 5.1.14)

6.1 Agtergrond

6.1.1 Uittreksel uit die notule van die SK-Dagbestuur 2004-05-15 pt 5.1.14:

5.1.14 Vorm A (pt 19.4)

5.1.14.1 Besluit : Die saak staan oor en word verwys na die moderatuur.

6.1.2 Bylaag B (Bestaande Vorm A – ongedateerd) dien voor die vergadering.

6.2 Aanbeveling

6.2.1 Die wysiging van die vorm word na die DA verwys om, na verrekening van insette van die Deskundige Lede, NN en B-Net, 'n gewysigde vorm by die volgende SK-Dagbestuursvergadering voor te lê.

6.2.2 Die SK verleen volmag aan die SK-Dagbestuur om die saak af te handel.

7. KLEINGROEPBESPREKING - SK (SK-DAGBESTUUR 2004-04-15 PT 5.1.16)

7.1 Agtergrond

7.1.1 Uittreksel uit die notule van die SK-Dagbestuur 2004-05-15 pt 5.1.16

5.1.16 Kleingroepbespreking (pt 5.2.2)

Die SK het na aanleiding van 'n kleingroepbespreking tydens sy vergadering van 2003.11.27 die volgende besluit geneem:

Pte 11.2.1 en 11.2.2 word as aanvullende sake na die SK-Dagbestuur verwys sodat dit op 'n sinvolle wyse in die beplanning opgeneem kan word, met verslag aan die SK.

Die SK-Dagbestuur het hierdie saak op 2003.02.05 verbind met die opstel van die prinsipiële verwysingsraamwerk vir Deskundige Lede (verwys pt 5.1.13 van die notule)

5.1.16.1 Besluit : Die saak staan oor en word verwys na die moderatuur.

7.1.2 Uittreksel uit die Notule van die SK 2003-11-27 pt 11.2:

11.2 Kleingroepbespreking

Die vergadering bespreek die dagbestuur se formulering van die sinode se roeping insake visionêre leiding, navorsing, begeleiding, bestuur en die strategiese belyning van die ritme aan die hand van twee vrae in kleingroepies:

- Wat maak jou opgewonde?
- Wat mis jy?

11.2.1 "Wat maak jou opgewonde?"

11.2.1.1 Die volgende terugvoer word gegee:

1. Klem op die publieke getuienis en rol van die kerk.
2. Die versorging van leraars : indiwidueel, as medeleraars en in ringsverband.
3. Die sinodale koerant.
4. Die roeping is realisties, uitvoerbaar en relevant geformuleer.
5. Gewone lidmate is betrokke.
6. Hier is 'n klomp nuwe mense wat met nuwe energie kreatiewe dinge doen.
7. Bestuur van die visie is meetbaar geformuleer.
8. Besluite word nou gekommunikeer en planne word deurgegee aan ringe en gemeentes.
9. Nuwe kreatiewe gees.
10. Die ritme is positief, en maak voorsiening vir gereelde monitering.
11. Die vier sinodale funksies neem nou konkrete vorm aan - "form follows function".
12. Daar word wegbeweeg van besluite en strukture na prosesse.

11.2.2 "Wat mis jy?"

11.2.2.1 Die volgende terugvoer word gegee:

1. Die teologiese moment van gawes. Word die bronne wat die Here vir die Oos-Kaap gegee het werklik benut? Word ringsverteenwoordigers bv nie lukraak aangewys nie?
2. 'n Oop sisteem vir betrokkenheid op die vlak van die uitvoering van beplanning.
3. Skrifgebruik.
4. Benutting van gewone gelowiges.
5. Nuwe visies moontlik maak.
6. 'n Gerigtheid op God. Ons eerste roeping is om God te verheerlik.
7. Ons vergaderings moet 'n ontmoeting met God wees en so ingerig word.
8. 1 Pet 5 leer dat die ouderlinge toesig moet hou en 'n voorbeeld moet wees. Ons is ouderlinge wat hierdie funksie moet uitvoer.
9. Skep meer ruimte vir omgaan met die Woord. Die aard en inrigting van SK-vergaderings moet verander.
10. Ons moet mense uitnooi om sake / idees na die SK te bring wat ons werk kan verryk en waarby ons kan inskakel - eerder as om altyd ander te nooi om by ons werk in te skakel.
11. Die frekwensie van sinodale vergaderings moet moontlik verhoog - jaarliks. Ringe kan twee keer per jaar vergader.
12. Die prosesmatige werkswyse bemagtig mense en nie strukture nie. As die sleutelpersoon weggaan, bly die werk in die slag. Die vorming van netwerke kan hierdie probleem ondervang.
13. Die kerk het ook 'n taak om op sy innerlike

funksionering te fokus.

11.2.3 Besluit:
Pte 11.2.1 en 11.2.2 word as aanvullende sake na die SK-Dagbestuur verwys sodat dit op 'n sinvolle wyse in die beplanning opgeneem kan word, met verslag aan die SK.

7.2 Aanbeveling

7.2.1 Dr Chris van Wyk word versoek om die inhoud van die kleingroepbespreking van 27 November 2003 (Notule SK 2003.11.27 pt 11.2) te hanteer in die fasilitering van punt 7 van die Sakelys van die SK van 13 Mei 2004.

8. REISKOSTE MODERATORS-KONFERENSIE (SK DAGBESTUUR 2004-04-15 PT 18.2.2)

8.1 Agtergrond

8.1.1 Uittreksel uit die notule van die SK-Dagbestuur 2004-04-15

18.2 Moderatorskonferensie Bylaag N

18.2.1 Die vergadering bespreek die versoek van die SK-Voorsitter rakende reiskoste na die moderatuurskonferensie

18.2.2 Besluit:

18.2.2.1 Die reiskoste vir die moderatuurskonferensie asook vir die bywoon van 'n herdenkingsbyeenkoms van die VGK te Oos-Londen, word betaal uit die begroting van reiskoste vir Ekumene.

18.2.2.2 Die saak word ook na die moderatuur verwys vir die formulering van 'n voorstel vir volgende jaar se begroting.

8.2 Aanbeveling

8.2.1 Die SK aanvaar finansiële verantwoordelikheid vir die Voorsitter SK se bywoning van moderatorskonferensies, asook vir alle ander openbare optredes deur moderatuurslede namens die sinode.

9. PATMOS

9.1 Agtergrond

9.1.1 Bylaag C (Verslag van die gesprek tussen die moderatuurslede en di TJ Pienaar van Patmos op Woensdag, 14 April 2004 om 19:00 te Patmos – dd 14 April 2004) en Bylaag D (Skrywe van die Raad van Ouderlinge van Patmos – dd 19 April 2004) dien ter kennisname voor die vergadering.

9.2 Aanbeveling rondom die hantering van punt 6.1.5 op die Sakelys SK 2004.05.13:

9.2.1 Die vergadering neem kennis van
- die Verslag van die moderatuur oor die ontmoeting met Patmos (dd 14 April 2004) (SK 2004-04-13 Bylaag G),
- die Kommentaar van Patmos op Verslag A2.6.2 van die Sinode (Oos-Kaapland) (SK 2004-04-13 Bylaag D),
- die verdere Kommentaar van Patmos se Kerkraad op Verslag A2.6.2 van die Sinode 2003 (SK 2004-05-13 Bylaag E), en
- die skrywe van Patmos se Raad van Ouderlinge (dd 19 April 2004) (SK 2004-05-13 Bylaag F).

9.2.2 Die SK begeer dat Patmos deel van die kerkverband bly.

9.2.3 Die SK versoek die kerkraad van Patmos om die moderatuur so gou as moontlik te ontmoet.

9.2.4 Die SK oordeel dat daar indringend saam met Patmos gesprek gevoer moet word oor teologiese begronding van die gebruik van rituele en simbole in eredienste en kerkvergaderings.

10. UITNODIGING EMERITI-VERENIGING

10.1 Die SK-Dagbestuur het reeds besluit dat enkele lede van die Emeriti-Forum genooi word om die dagbestuursvergadering van 29 Julie 2004 by te woon.

10.2 Aanbeveling:

Die bestuur van die Emeriti-Forum word genooi, en die SK staan in vir die reiskoste van een motor vanaf Humansdorp teen die vasgestelde sinodale skaal.

11. ANDER SAKE

11.1 Oos-Kaap Afvaardiging na Konvent vir Eenheid

11.1.1 Aanbeveling

11.1.1.1 Die SK besluit om die vier moderatuurslede sowel as drie lede uit elkeen van die 13 ringe ('n leraar plus twee kerkraadslede waarvan een 'n dame moet wees) na die Konvent vir Eenheid af te vaardig.

11.1.1.2 Die SK neem binne die raamwerk van die begroting verantwoordelikheid vir die koste verbonde aan die konvent.

12. AFSLUITING

Die vergadering verdaag om 12:50.